9. Teologiese Skool

9.1 Historiese agtergrond

9.1.1 Die beginjare

In Mei 1869 het die vierde Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in ‘n klein kerkgeboutjie in Potchefstroom ‘n besluit geneem om met die hulp van die Here ‘n Teologiese Skool op te rig. Hierdie "ou kerkie" staan langs die huidige kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom in Kerkstraat.

Dit was 10 jaar ná die stigting van die eerste Gereformeerde Kerk te Rustenburg in 1859. Slegs 14 kerke met vier predikante het tydens hierdie Sinode die besluit geneem. Dit was ‘n besluit wat in geloof geneem is. Hulle het geen hoop op finansiële steun van die owerhede gehad nie, die kerke self was min en geen infrastruktuur het bestaan nie. Aan die ander kant was hulle daarvan oortuig dat die kerke hierdie verantwoordelikheid gehad het om onafhanklik van die owerheid self vir die opleiding van predikante te sorg.

Die besluit wat geneem is, getuig van ‘n besondere visie aangesien die vergadering nie net aan die opleiding van predikante vir die nuwe kerkgemeenskap gedink het nie. Die besluit meld dat ook voornemende onderwysers en studente met die oog op ander beroepe daar opgelei kan word.

Historici is dit eens dat die jaar 1869 as die geboortejaar van sowel die Teologiese Skool as die PU vir CHO beskou moet word. Uit die Teologiese Skool het die Universiteit mettertyd tot selfstandigheid gegroei. Vanaf die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op 11 Februarie 1859 was dit duidelik dat voorsiening gemaak sou moes word vir die behoefte aan predikante. Ds. Dirk Postma het in sy voorgestelde Kerkorde, wat hy reeds voor die stigting van die kerke te Rustenburg ontwerp en gereed gemaak het, ‘n bepaling gehad dat aan die saak van opleiding van predikante aandag gegee moet word. Hy het gesorg dat hierdie saak op die agenda van die eerste kerklike vergaderinge van 1862 kom.

Aanvanklik is verskillende predikante uit die Christelike Afgeskeie Gereformeerde Kerk in Nederland beroep, maar slegs ds. J Beijer het die beroep aanvaar. Die enigste uitweg was om self met opleiding te begin. So is daar op die Sinode van Reddersburg in 1862 ernstige aandag aan die saak van die opleiding van predikante gegee.

Op die eerste twee Sinodes in 1862 en in 1863 is besluit dat die twee predikante, naamlik ds. D Postma en ds. J Beijer die opleiding privaat sou onderneem.

Die behoefte aan die oprigting van ‘n teologiese skool het deur die jare gegroei en die kerke het die gedagte al sterker begin ondersteun totdat uiteindelik in 1869 die moedige besluit in geloof geneem is dat ‘n teologiese skool in Burgersdorp opgerig sal word. Die Teologiese Skool is uiteindelik oor die naweek van 26-29 November 1869 te Burgersdorp feestelik geopen.

9.1.2 Teologiese Skool te Burgersdorp

Die kerke en die kuratore van die jong skool het ‘n hoë premie op die wetenskaplikheid van die onderrig geplaas en byvoorbeeld besluit dat die teologiese kursus met dié van die Teologiese Skool van die Christelike Afgeskeie Gereformeerde Kerk in Nederland moet ooreenstem.

Volgens die besluite van die Sinode van 1869 het ds. Postma en ds. Jan Lion-Cachet aan die beginjare benewens hulle bedieningswerk in die gemeente van Burgersdorp ook die opleiding van die studente behartig.

Die jare 1873 en 1876 staan bekend as ‘n tyd van reorganisasie van die Skool. In hierdie periode het die behoefte aan ‘n vooropleiding met die oog op teologiese studies en die ideaal aan ‘n voorbereidende inrigting by die skool sterk na vore gekom. Daarom is in 1873 besluit dat ‘n toelatingseksamen ingevoer moet word. In 1876 is besluit om ‘n eie literariese departement daar te stel. Prof. Dirk Postma is formeel as professor van die skool benoem, maar hy het nie die vrymoedigheid gehad om dit te aanvaar nie. Sy seun, P Postma is as eerste literariese professor aangestel. Die Sinode het die skool wat tot op daardie stadium besonderlik aan die Gereformeerde Kerk Burgersdorp verbonde was, aan al die kerke verbind.

In die sewentiger- en tagtigerjare van die negentiende eeu is matriek as ‘n toelatingsvereiste gestel. Daarna moes die studente die literariese studie in een of twee jaar afhandel voordat hulle tot die teologiese studie toegelaat is. In 1885 is besluit dat die teologiese studie in die reël drie jaar sal duur.

In 1879 het ds. Dirk Postma, nadat die Sinode hom weer beroep het, eindelik besluit om sy benoeming as professor te aanvaar. Dit was hom beskore om agtereenvolgens met drie van sy seuns wat vir die literariese studie verantwoordelik was, saam te werk, naamlik P Postma, M Postma en S Postma. Toe prof. Dirk Postma in 1890 oorlede is, is die einde van ‘n bepaalde tydperk bereik.

Na die dood van prof. Postma is ds. Jan Lion-Cachet in 1894 as professor in die teologie benoem. Dit was in ‘n era waar die Afrikaners in Burgersdorp aktief betrokke geraak het by die stryd om die behoud van die Hollandse taal en kultuur teenoor die neiging om te verengels.

Prof. Lion-Cachet het benewens sy teologiese en kerklike verantwoordelikhede ook as ‘n vurige voorstaander vir Afrikaans bekend geword. Deur sy noue samewerking met ds. SJ du Toit van die Paarl en die gevolglike besondere bande met die Eerste Afrikaanse Taalbeweging in die Paarl, het die jong JD du Toit met prof. Lion-Cachet kennis gemaak. Deur sy toedoen het JD du Toit lidmaat van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp geword.

Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het die kerklike lewe sowel as die Teologiese Skool erg ontwrig. Die studente uit Transvaal en die Vrystaat is opgeroep na die kommando's en die skool was gedurende die oorlog vir lang tydperke gesluit. Die eerste Sinode na die oorlog het in 1904 byeengekom en belangrike besluite oor die toekoms van die skool sou geneem moes word.

In die tydperk 1869 tot 1904 het daar ongeveer 120 studente vir korter of langer periodes studeer, maar slegs 30 studente het die studie voltooi en predikante geword.

Gedurende die oorlogsjare het JD du Toit en Ferdinand Postma aan die *Vrije Universiteit* in Amsterdam gaan studeer. Hulle was besiel met nuwe moed, en oortuig daarvan dat die skool na ‘n ander plek met ‘n ander milieu verskuif moet word. Met die aanbreek van die Sinode van 1904 was die jong dr. JD du Toit pas predikant van Potchefstroom en gereed om voorstelle oor die skool se toekoms te maak.

9.1.3 Die Teologiese Skool te Potchefstroom

9.1.3.1 Die tydperk 1905-1919

Op die Sinode te Middelburg-Kaap in April 1904 is die verrassende besluit op voorstel van dr. JD du Toit geneem om die Teologiese Skool na Potchefstroom te verskuif. Ander plekke soos Pretoria, Middelburg-Kaap, en veral Steynsburg is oorweeg, maar dr. JD du Toit, met medewerking van sy swaer ds. P Postma van Pretoria, het toe al reeds met die Transvaalse gemeentes en met die stadsraad van Potchefstroom onderhandel en sy voorstel het ‘n aanbieding van 3010 pond kontant en genoeg grond vir die gebouekompleks ingehou – sodat die voorstel met dank aanvaar is.

Die Teologiese Skool het in Februarie 1905 in Potchefstroom geopen waar daar toe reeds ‘n losieshuis en skoolgebou opgerig was. Tydens sy openingsrede het ds. P Postma as voorsitter van die kuratorium onder meer gesê dat die Gereformeerde beginsel nie net die teologie nie, maar ook die hele wetenskap moet beheers.

Ferdinand Postma wat in 1904 as professor bevestig is, sou van toe af sy lewe aan die Literariese Departement wy. Hy het daarvoor gesorg dat die voorbereidende onderwys met die oog op die teologie met ‘n voorbereiding vir die matrikulasie begin. Onder sy leiding het die kuratorium in 1905 besluit om die voorbereidende fase las te maak van die Teologiese Skool, en ‘n afsonderlike voorbereidende skool vir die juniors (st. 4-7) daarvoor in te rig. Die skool, met die leuse *fac et spera* het in 1907 met sewe leerlinge geopen. Hierdie CNO-skool is in 1915 deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie as die Potchefstroom Gimnasium oorgeneem.

Ferdinand Postma wat hoof was van die Literariese Departement, het sy doseerwerk vir ongeveer twee jaar (1912-1914) onderbreek om sy doktorsgraad by die Vrije Universiteit te voltooi, en in 1914 sy werksaamhede hervat.

JD du Toit het in 1911 vir Cachet as professor in die teologie opgevolg, en in 1914 is dr. SO Los van Nederland as tweede professor in die teologie beroep, sodat daar in 1914 drie doktore aan die Teologiese Skool met sy Literariese Departement werksaam was. Dit het inderdaad ‘n nuwe fase ingelei. Die wetenskaplikheid sou voortaan des te beter gedien kon word.

Gedurende die jare 1916-1919 het die onderwyssituasie in die land so ontwikkel, hoofsaaklik as gevolg van die gewetensklousule van die Universiteitswet van 1916, dat die Literariese Departement in 1919 van die Teologiese Skool en van sy kerklike verbintenis losgemaak is, om as die Potchefstroomse Universiteitskollege te bestaan, wetlik sonder die Christelike karakter.

Die ideaal van JD du Toit en F Postma van ‘n vrye universiteit op Christelike grondslag vir Suid-Afrika op die voetspoor van die *Vrije Universiteit* van Amsterdam kon nie so gou bereik word nie.

9.1.3.2 Die tydperk 1919-1951

Vanaf 1919 bestaan die Teologiese Skool en die Universiteitskollege (later die PU vir CHO) selfstandig langs mekaar. Die kuratore het egter saam met die Raad van die Kollege gestry vir ‘n volwaardige Christelike Universiteit.

In 1921 is die inrigting deur die staat erken as ‘n konstituerende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika en daarby geïnkorporeer. In 1933 het die staat wetlike erkenning aan die Christelike karakter van die PUK gegee, en eers in 1950 is die

universiteit as ‘n volwaardige en outonome universiteit, naamlik as die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys wetlik erken.
Tussen die Teologiese Skool en die PU vir CHO as twee selfstandige inrigtings bestaan daar ‘n unieke band en verhouding. Reeds in 1920 het die Raad van die PUK en die kuratorium besluit op wedersydse verteenwoording op die Raad van die PUK en die senaat van die Teologiese Skool.

Ooreenkoms tussen die Universiteit en die Teologiese Skool

In 1945 is daar ‘n kontraktuele ooreenkoms tussen die kuratorium van die Teologiese Skool en die Universiteit gesluit, wat sedertdien volgens die eis van omstandighede dikwels gewysig is.

Vanaf 1922 was daar aan die PUK ‘n Departement Teologie, en sedert 1930 bestaan daar ‘n Fakulteit Teologie wat die teologie as wetenskap beoefen.

9.1.3.3 Die tydperk 1951-1994

Die tydperk vanaf 1951-1994 kan as ‘n tyd van groei en konsolidasie bestempel word. Die Teologiese Skool en die Fakulteit Teologie het gegroei, ‘n volwaardige plek in sowel nasionale as internasionale konteks verkry, professore het vermeerder en ‘n eie Gereformeerde teologie is uitgebou.

In 1969 het die PU vir CHO en die Teologiese Skool as susterinrigtings hul eeufees gevier, en in 1994 is die 125 ste bestaansjaar feestelik herdenk. Die jaar 1994 het weereens ‘n bepaalde fase afgesluit nadat die Sinode van 1994 belangrike besluite oor die toekoms van teologiese opleiding geneem het.

9.1.3.4 Die tydperk na 1994: eenwording van teologiese opleiding

In 1994 het die nasionale Sinodes van Potchefstroom, Middellande en Soutpansberg ooreengekom dat die teologiese opleiding by die skole te Potchefstroom, Hammanskraal en by die Heidelbergse Teologiese Skool in Vendaland tot ‘n eenheid moet kom in een teologiese skool te Potchefstroom.

Die teologiese opleiding van Afrikatalige studente met die oog op die bediening het ‘n eie geskiedenis. Dit het in 1956 begin toe teologiese opleiding te Dube (tans Soweto) aangebied is. In 1962 is hierdie opleiding na Hammanskraal verskuif, en sodanig uitgebou dat in 1987 ‘n ooreenkoms met die PU vir CHO gesluit is vir die erkenning van die akademiese opleiding en waarvolgens die grade B.A. en Th.B. deur die PU vir CHO toegeken is.

Sedert 1995 vind die opleiding aan die Teologiese Skool te Potchefstroom plaas, en is die samestelling van die kuratorium so gewysig dat al die kerke wat belang het by die opleiding daarin verteenwoordig word.

9.1.3.5 Die gebouekompleks

Die Teologiese Skool gebruik tans ‘n derde gebou in Potchefstroom; die eerste (in Molenstraat) is in 1905 opgerig, die tweede (in Borcherdstraat, bekend as die Ou Teologiese Skool) in 1922 en die derde (tussen Van der Hoffweg en Molenstraat en regoor die tweede gebou) in 1951. Die huidige gebouekompleks vorm deel van die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Die Bult, en het aan die oostekant die motief van die muur van die reformasie in Genève. Die goed toegeruste biblioteek, met ‘n eie kerklike argief is gepas vernoem na prof. Jan Lion-Cachet, en is by die Ferdinand Postma-biblioteek van die PU vir CHO ingeskakel.

Aan die suid-oostekant van die terrein staan tans die monument ter nagedagtenis aan die teologiese studente wat in die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) gesneuwel het.

Na die eenwording van die verskillende teologiese skole het die studente se getalle sodanig toegeneem dat die fasiliteite van die "Ou Teologiese Skool" ook weer gebruik is.

9.1.3.6 Perspektief

Met die eenwording van die teologiese opleiding is ‘n gesonde basis gelê vir toekomstige samewerking en kerklike gemeenskap oor volks- en taalgrense heen. Verder is die proses van eenheid in teologiese opleiding nog nie voltooi nie, aangesien daar tans beplanning gedoen word en samesprekings met ander teologiese indiensopleidingsentra gevoer word oor ‘n wyse waarvolgens die opleiding en toesig by hierdie sentra gestruktureer kan word. Hierdie samesprekings gaan steeds voort.

Die Fakulteit Teologie van die NWU en die Teologiese Skool het enersyds onderskeibare gerigthede en respektiewelik bande met twee verskillende instellings, naamlik met die NWU en die kuratorium, en andersyds is hulle ten opsigte van die kursusse en werksaamhede ineenvervleg en op mekaar aangewese.

Die afspraak tussen die Fakulteit Teologie en die Teologiese Skool is om nie verskillende soorte teologie te beoefen nie, maar om mekaar te ondersteun en saam in diens van die wetenskap en die kerke te wees.

By wyse van telematiese onderrig en ander moontlikhede wat deur die ontwikkeling van tegnologie ontsluit word, posisioneer die Fakulteit Teologie hom al vir ’n geruime tyd om in Suid-Afrika, Afrika, Europa en oor die res van die wêreld ook aan ander instellings diensbaar te wees.

Die Teologiese Skool het selfstandig van die Fakulteit eweneens die geleentheid gebruik om ‘n ooreenkoms te sluit met die teologiese opleidingskool in Sao Paulo, Brazilië, die *Andrew Jumper Post Graduate Center* (AJPGC).

9.2 Prospektus

Die hersiene prospektus is by die registrateur van die TSP elektronies beskikbaar. In die prospektus word alle inligting verskaf oor die Teologiese Skool, kuratorium, senaat, professore en studente.

9.3 Ooreenkoms met NWU – op versoek beskikbaar by die Registrateur TSP

9.4 Kuratore

9.4.1 Beheer van die Teologiese Skool

Die Teologiese Skool is deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika daargestel en word deur dieselfde kerke beheer, in stand gehou en versorg.
Die kerke dra dit aan ‘n kuratorium op om beheer en toesig uit te oefen oor die diens van opleiding wat deur professore aan die skool verrig word.

9.4.2 Wese van die kuratorium

Die kuratorium is ‘n vergadering van verkose en gevolmagtigde regeerders of versorgers van die kerke ten opsigte van predikantsopleiding en wat regstreeks daarmee verband hou. Hierdie samekoms rus op die beginsel van ‘n kombinasie van kerke wat vir die bepaalde en beperkte doel van opleiding van bedienaars van die Woord byeenkom. As sodanig funksioneer die kuratorium as ‘n *synodus contracta* en verrig dit ‘n besondere kerkregeringstaak met die oog op die voorsiening vir, die sorg van en die toesig oor die diens van predikantsopleiding.

9.4.3 Samestelling van die kuratorium

Die kuratorium word op die volgende wyse saamgestel:

9.4.3.1 Die kerke verkies by wyse van die verskillende Streeksinodes of bevoegde kerklike vergaderinge in die jaar voorafgaande aan ‘n Algemene Sinode elkeen ‘n aantal predikante met hul secundi (soos vasgestel deur die Algemene Sinode) vir ‘n dienstydperk van drie jaar.

9.4.3.2 Elke sodanige kerklike vergadering voorsien die verkose kuratore van ‘n geloofsbrief in terme van KO, art 33 waarin hulle beperkte regeringsopdrag as lede van die kuratorium omskryf word.

9.5 Kerkorde, art 19

Dit is vir die kerke in kerkverband van wesenlike belang dat daar genoeg predikante is vir die bediening van Gods Woord. ‘n Tekort aan predikante is om begryplike redes nadelig vir die geestelike groei van die lidmate, terwyl dit ‘n bykomende las lê op die dienende predikante.

Die kerke het ook die verantwoordelikheid om teologiese studente finansieel te ondersteun. Daarom het die kerke beursfondse in die lewe geroep, waarvan die “Kas vir Teologiese Studente” die belangrikste is; plaaslike kerke dra tot hierdie Beursfonds by deur middel van eredienskollektes. Hulp uit hierdie Fonds word deur ‘n kommissie vir finansiële ondersteuning (KFO) volgens ‘n vasgestelde reglement hanteer. Beurse word aan studente wat daarvoor aansoek doen toegestaan alleen vir registrasiegeld, klasgeld en indien fondse toelaat vir ‘n boeketoelaag.

9.6 Toelating tot teologiese studie

Voordat ‘n voornemende student toegelaat word tot die voorbereidende en teologiese studie, moet hy aan bepaalde vereistes beantwoord.

9.6.1 Vereistes vir toelating tot teologiese studie

9.6.1.1 ‘n Student wat voornemens is om in die teologie te studeer met die doel om as predikant in ‘ Gereformeerde Kerk te dien, moet gedurende die voorafgaande jaar daarvan aan die kuratorium kennis gee en volgens afspraak by die kuratore aanmeld. Hierdie reëling is van toepassing op alle studente – diegene wat die kandidaats 1-4 by die TSP of by ‘n ander inrigting wil voltooi.

9.6.1.2 Die student moet ‘n voorgeskrewe aansoekvorm en ‘n voorgeskrewe mediese sertifikaat inlewer asook ‘n vertroulike rapport van die predikant van die gemeente waar hy lidmaat is, ten opsigte van die agtergrond van die student se lewe. Die nodige vorms is by die Registrateur verkrygbaar.

9.6.1.3 Ten opsigte van die akademiese vereistes moet die student voldoen aan die vereistes wat deur die Universiteit bepaal en in oorleg met die kuratorium toegepas word.

9.6.1.4 Studente wat by die kuratore aanmeld word by wyse van psigometriese toetse by die NWU, pastorale gesprek en ander vereistes soos van tyd tot tyd deur die kuratorium bepaal, geëvalueer.

9.6.1.5 Die eerste vier jaar van die kandidaatstudie is ‘n proeftydperk vir die bekwaamheid en geskiktheid van die student om as herder en leraar op te tree, en hy word noukeurig gemonitor.

10.1.6.6 Die kuratorium het die reg om die opname van studente aan die Teologiese Skool te hanteer ooreenkomstig die Kerkorde en relevante bepalinge van die GKSA.

10.1.6.7 Studente wat die kandidaats 1-4 met toestemming van die kuratore by ander inrigtings voltooi, meld by voltooiing van die studie by die TSP aan vir ‘n *colloquium doctum*. Hierdie *colloquium* is ‘n assessering van ‘n aansoeker se kennis en insig met die oog daarop om vas te stel of die aansoeker met die kandidaats 5-7 kan voortgaan. Die senaat maak ‘n aanbeveling oor die vraag (i) of die aansoeker vir kandidaats 5-7 kan inskryf; (ii) wat die aansoeker te doen staan

om sy kennis en insig te verbeter met die oog daarop om vir die kandidaats 5-7 te kan inskryf.

10.1.6.8 Vir studente wat hulle volledige studie by ‘n ander instansie voltooi het, geld die volgende:

1. Studente wat by die kuratore aanmeld word by wyse van psigometriese toetse, onderhoude en ander vereistes wat tans geld, geëvalueer.
2. ‘n Assessering vind plaas op grond van die dokumente wat ingedien moet word, waaronder ook ‘n evaluering van die instelling(s) waar die dokumente verwerf is.
3. Die aansoeker meld by die TSP aan vir ‘n *colloquium doctum*. Die doel van hierdie *colloquium* is om vas te stel of die persoon se kennis op ‘n standaard is vir die verkryging van die kandidaatsertifikaat. Na aanleiding van die uitslag van die *colloquium* bevind die senaat dat die student die kandidaatsertifikaat kan verkry of maak verdere aanbevelings i.v.m. die persoon aan die kuratore.

Gedurende die hele studietydperk hou die kuratorium en die dosente toesig oor die student se vordering, sy leefwyse asook sy bekwaamheid en geskiktheid om later as predikant toegelaat word.

9.7 Boedelbemakings / Skenkings

Vorm vir erflating aan die Teologiese Studentekas

Almal wat die belange van die Teologiese Skool op die hart dra word vriendelik gevra om by hul testamentêre beskikking ook te dink aan Teologiese Studentekas van die Teologiese Skool. Hoe groter hierdie fonds word, hoe meer rente lewer dit en in dieselfde verhouding word die Teologiese Skool altyd meer selfstandig wat sy finansies betref.

As die testament nog opgestel moet word, dink daaraan om die erflating te bemaak aan: Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, die Teologiese Studentekas van die Teologiese Skool.

As ‘n reeds opgestelde testament voorsiening maak vir latere byvoeging van kodisille, kan die erflating soos volg gedoen word:

“Uit krag van die klousule reservator vervat in my (ons) voorinstaande testament so bemaak ek (ons) nou hiermee aan: Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, die Teologiese Studentekas van die Teologiese Skool die som van .....;
my plaas .....;
my erf te .....;

As ‘n reeds opgestelde testament geen voorsiening maak vir latere kodisille nie, is dit beter om ‘n nuwe te laat opstel waar die erflating aan die Teologiese Studentekas direk genoem word.

Finansiële bydraes kan ter enige tyd gemaak word en word deur die Admin Buro hanteer en bestuur.

9.8 Jan Lion-Cachet Biblioteek

Die Jan Lion-Cachet biblioteek, of kortweg die Teologiese Biblioteek, beslaan die grootste gedeelte van die suidelike vleuel van die Teologiese Skoolgebou. Prof Jan Lion-Cachet was die eerste bibliotekaris. Die biblioteek dien as ‘n takbiblioteek van die Ferdinand Postma Biblioteek van die NWU.

Dit is ‘n vakbiblioteek en die biblioteekmateriaal dek hoofsaaklik die vakke wat by die Teologiese Skool aangebied word, soos o.a. Etiek, Dogmatiek, Missiologie, Kerkgeskiedenis, Praktiese Teologie, Grieks en Hebreeus. Boeke word deur

vakdosente aanbeveel en bestel deur die Ferdinand Postma Biblioteek. Fondse hiervoor kom gedeeltelik vanuit die GKSA en gedeeltelik van die Ferdinand Postma Biblioteek. Soms word die boekevoorraad ook aangevul deur skenkings van bv. oudprofessore, geëmeriteerde predikante of lidmate. Die Biblioteek het ook ‘n goeie naslaanversameling soos o.a. ensiklopedieë, woordeboeke, kommentare, Bybels, Handelinge van die Sinode, jaarboeke, ens. Vir diegene wat op hoogte wil bly met die nuus, is daar die daaglikse koerante in Afrikaans, Engels en Nederlands.

Om al hierdie inligting te ontsluit is daar ‘n gerekenariseerde katalogus, genaamd Ferdikat. Hierin het elke boek en tydskrif asook alle ander biblioteekmateriaal ‘n eie rekord. Soekpunte soos outeur, titel en onderwerp maak dit maklik om by ‘n spesifieke bron uit te kom. Ander databasisse wat gereeld deur gebruikers hier benut word, is:
Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels (RSAT), In u Lig, Publikasies van die GKSA (Die Kerkblad, Vroueblad, en die Almanak), In die Skriflig, Handelinge van die Sinode).

Om ‘n tydskrifartikel in ‘n buitelandse tydskrif op te spoor, is daar Religious and Theological Abstracts (R&TA) en ATLA (American Theological Library Association) se databasis vir teologie. Verder kan gebruikers ook inligting bekom op die Ferdinand Postma Biblioteek se webwerf vir teologie, soos o.a. elektroniese tydskrifte, tuisdatabasisse waaronder die Gesamentlike Katalogus van Proefskrifte en Verhandelinge (GKPV), ‘n lys van geakkrediteerde tydskrifte, SABINET, ens. Deur www-adresse kry die gebruiker ook toegang tot internasionale webwerwe, byvoorbeeld AlphaSearch.

Wie gebruik die Jan Lion-Cachet Biblioteek? Die meerderheid gebruikers is dosente en studente van die Teologiese Skool. Gereformeerde predikante, predikante van ander kerke in die omgewing, en dosente van die geakkrediteerde teologiese inrigtings maak ook van die biblioteek gebruik.

9.8.1 Eienaarskap van Jan Lion-Cachet Biblioteek

Sinode 2009 (Handelinge 2009:289, 2.6) word die volgende aanbeveling goedgekeur: Die Sinode besluit dat die eienaarskap van die Jan Lion-Cachet biblioteek weer uitdruklik in die reglement van die Administratiewe Buro opgeneem word.